RAADSBELEID

ONDERWERP : VOORSIENING VAN RIOOLINFRASTRUKTUUR AAN PRIVATE ONTWIKKELINGS

VERWYSING : 16.4.R

BESLUIT NR : 12.2/03/2003 DATUM : 31 Maart 2003

BELEIDSOOGMERK : Die omskrywing van die Raad se verantwoordelikheid by die voorsiening van rioolinfrastruktuur aan private ontwikkelings.

BELEIDSFILOFOSIE EN BEGINSELS

Die Raad streef na 'n hoë gesondheidstandaard wat goeie riolering insluit.

RIGLYNE

1. Die kapitale koste verbonde aan die voorsiening van rioolinfrastruktuur aan ekonomiese erwe is 'n verhaalbare item en sal in soverre moontlik, as sodanig hanteer word.

2. Enige tipe rioolinstallasie op 'n private perseel is verder onderworpe aan die voorskrifte soos gestel deur die Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer. Die Raad aanvaar egter geen verpligting of koste verbonde aan enige voorgeskrewe installasie nie.

3. By nuwe private ontwikkelings en onderverdelings verskaf/identifiseer die Raad hoogstens 'n aansluitingspunt waarby die nuwe rioolinfrastruktuur moet aansluit. In hierdie gevalle is die ontwikkelaar verantwoordelik vir die aanbring van 'n volledige rioolinfrastruktuur.

4. Met verwysing na moeilik rioleerbare gebiede waar daar tans reeds private ontwikkeling voorkom, aanvaar die Raad nie outomaties verantwoordelikheid vir die voorsiening van rioolinfrastruktuur nie, aangesien eenheidskostes abnormaal hoog mag wees en die betaling van volle kostes as onbillik teenoor ander belastingbetalers gereken mag word.

PROSEDURE

1. In gevalle waar nuwe private ontwikkelings op onderverdelings beoog word, stel die Raad spesifieke voorwaardes en word dit by wyse van 'n Raadsbesluit bekragtig.

2. Enige ander versoeke vir die verskaffing van rioolinfrastruktuur aan bestaande private ontwikkelings moet skriftelik gerig word en lê die Direkteur Tegniese Dienste die aangeleentheid vir beslissing aan die Raad voor.

ROLLE

1. Die Hoof Stadsbeplanning en Boubeheer ontvang alle aansoeke vir onderverdelings.
2. Die Direkteur Tegniese Dienste lê ‘n item ten opsigte van algemene versoeke vir die verskaffing van rioolinfrastruktuur die Raad voor.

VERWANTE BELEID

Prosedure vir die hantering van onderverdelings.

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.